MEDICAL CONGRESS — MEDIESE KONGRES, PORT ELIZABETH
21-26 June / Junie 1954

South African Medical Journal

S.-A. Tydskrif vir Geneeskunde

Organ of the Medical Association of South Africa

Blad van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika

Incorporating the *South African Medical Record* and the *Medical Journal of South Africa*

Waarby ingelyf is die *South African Medical Record* and the *Medical Journal of South Africa*

Registered at the General Post Office as a newspaper

By die poswese as nuusblad geregistreer

Cape Town, 8 May 1954
Weekly 2s. 6d.

Vol. 28 No. 19

Kaapstad, 8 Mei 1954
Weekliks 2s. 6d.

IN THIS ISSUE : IN HIERDIE UITGAWE

South African Medical Journal
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde
P.O. Box 643, Cape Town Posbus 643, Kaapstad

Cape Town, 8 May 1954
Weekly 2s. 6d.

Vol. 28 No. 19

Kaapstad, 8 Mei 1954
Weekliks 2s. 6d.

CONTENTS — INHOUD

South African Medical Journal
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde
P.O. Box 643, Cape Town Posbus 643, Kaapstad

Cape Town, 8 May 1954 Vol. 28 No. 19 Kaapstad, 8 Mei 1954
Weekly 2s. 6d. Weekliks 2s. 6d.

EDITORIAL

DANGERS OF CHEMICAL WARFARE AGAINST INSECTS

The lethal agents that are being used as insecticides have already caused a few deaths in this country and many more overseas. In this *Journal* [1, 2] attention has been drawn to the dangers arising from these chemicals. Two important groups in use are the halogenated hydrocarbons, e.g. DDT and BHC, and the organic phosphorus compounds, e.g. parathion. The high toxicity of the latter group makes them unsuitable for insect control on livestock and in human beings. They are used in the protection of crops and this requires the greatest care. Mishandling in the absence of a proper advisory service, and ignorance of workers using materials of such poisonous nature, has led to injury and death. The attack made with these poisons requires that persons should be suitably protected; and since adequate washing and bathing or shower facilities should be available, mobile or permanently established washrooms or bathrooms should be in the field when large areas are being treated by sprayers on the ground. There is danger too of fruit being picked and eaten by children and others in areas that have been treated with the poison.

The widest publicity ought to be given to the danger arising from the handling and use of these modern insecticides. In this issue (p. 402) we publish a report of a symposium on health and insecticides held in Johannesburg by the Southern Transvaal Branch of the Medical Association of South Africa. This report is a synopsis only, and does not give all the details presented by the several contributors to this symposium. The matter submitted would form a useful booklet on the subject for distribution to those many individuals on farms and elsewhere who find it essential to use economic poisons. The toxic properties which

REDAKSIE

GEVARE MET DIE GEBRUIK VAN CHEMIKALIEË IN DIE VELDTOG TEEN INSEKTE

Die dodelike middels wat as insektegif gebruik word is alreeds die oorsaak van 'n paar sterfgevalle in ons land en veel meer in die buiteland. Aandag word in hierdie Tydskrif [1, 2] gevestig op die gevare aan hierdie chemikalieë verbonde. Halogeen-koolwaterstowwe, byvoorbeeld DDT en BHC en die organiese fosforverbindings byvoorbeeld parathion, is twee belangrike groepe wat gebruik word. Die hoë gif-inhoud van laasgenoemde groep maak hul ongeskik vir insektebeheer ten opsigte van mens of dier. Hul word gebruik om gesaaides te beskerm en dit vereis uiterste sorgvuldigheid. Wanneer dit verkeerd aangepak was as gevolg van gebrek aan 'n behoorlike adviserende diens en van die onkunde van die arbeiders wat met sulke gifstowwe gewerk het, het dit noodlottige ongevalle veroorsaak. Wanneer hierdie gifstowwe gebruik word is dit noodsaaklik om die werksmense te beskerm; aangesien doeltreffende fasiliteite vir was-, bad- of stortdoeleindes beskikbaar moet wees behoort tydelike of permanente was- of badkamers by die landerye ingerig te word. Die gevaar bestaan ook dat kinders en volwassenes vrugte kan pluk en eet uit boorde wat met die gif behandel is.

Die gevare verbonde aan die gebruik en hanteer van hierdie hedendaagse insektegiwwe behoort alombekend gemaak te word. In hierdie uitgawe (bl. 402) verskyn 'n verslag van 'n symposium oor gesondheid en insektegif wat deur die Suidelike Transvaal-Tak van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika in Johannesburg gehou is. Hierdie verslag is slegs 'n sinopsis en nie 'n volledige rapport van die verskeie bydraes tot hierdie symposium nie. Die bydraes wat gelewer is sou in 'n nuttige boekie oor die onderwerp saamgevat kan word vir die gebruik van die menige op plase en elders wat dit nodig vind om ekonomiese gifstowwe te gebruik. Die vergiftigingseienskappe wat aan hierdie landbouchemikalieë hul groot waarde verleen maak hul 'n gevaar vir die mens en alhoewel die grootste verantwoordelikheid op diegene rus wat dit gebruik en aanwend, is dit uiters wenslik

give these agricultural chemicals their great value make them dangerous to human beings, and, while the greatest responsibility rests with those who use and apply them, it is most desirable that the public generally should receive information on the subject.

The increase in the number and availability of insecticidal as of other poisonous substances warrants the attention of all members of the medical profession, which needs to be well informed about these substances so as to be able to give guidance and treatment in connexion with them. Greater emphasis should be given in undergraduate and postgraduate instruction on the health problems arising from the use of insecticides and other chemicals on the farm and in the home.

The doctor—and in connexion with agricultural insecticides, especially the doctor in rural areas—must have information on the pharmacology of toxic chemicals and the treatment of casualties. Victims of poisoning may be brought to him not only at the time of spraying operations, but as the result of chronic poisoning or delayed effects which may also occur. With the organic phosphorus compounds sequelae may follow even in the third week after acute poisoning, e.g. paralysis of the limbs, so that it is advisable to keep patients under close observation until the cholinesterase activity has returned to normal. They should be warned that they are susceptible to small amounts of this poison possibly for several months (until the cholinesterase is restored to normal).

REFERENCES

1. Lurie, D. and Silberman, R. (1953): S. Afr. Med. J., **27**, 273.
2. Editorial (1953): *Ibid.*, **27**, 1149.

dat die publiek in die algemeen oor hierdie onderwerp ingelig word.

Die toename in die aantal en die beskikbaarheid van insekte- en ander gifmiddels regverdig die belangstelling van alle lede van die geneeskundige beroep wat deeglik oor hierdie stowwe ingelig behoort te wees om sodoende in staat te wees om die nodige leiding en behandeling te gee. In voorgraadse en nagraadse onderrig moet groter klem gelê word op die gesondheidsprobleme wat ontstaan as gevolg van die gebruik deur die huisvrou en die boer, van insektegif en ander chemikalieë.

Die geneesheer—en in verband met landbougifstowwe die plattelandse geneesheer in besonder—moet inligting tot sy beskikking hê oor die farmakologie van giftige chemikalieë en die behandeling van ongevalle. Hy sal nie net tydens spuittyd ontbied word om slagoffers van vergiftiging te help nie, maar ook op ander tye om pasiënte, wat aan kroniese vergiftiging of vertraagde uitwerking ly, tot hulp te wees. Met die gebruik van organiese fosforverbindings kan daar nagevolge selfs in die derde week na akute vergiftiging verskyn byvoorbeeld verlamming van die ledemate, sodat dit derhalwe wenslik is om die pasiënte goed dop te hou totdat die cholienesterase aktiwiteit weer in normale werking tree. Hul moet gewaarsku word dat hul waarskynlik vir 'n paar maande vir klein hoeveelhede van hierdie gif vatbaar sal wees (totdat die cholienesterase in normale werking tree).

VERWYSINGS

1. Lurie, D. and Silberman, R. (1953): S.A. T. vir Geneesk. **27**, 273.
2. Van die Redaksie (1953): *Ibid.*, **27**, 1149.

ACQUIRED RESISTANCE TO INSECTICIDES

Drug-resistant strains of bacteria are accepted nowadays as part and parcel of the antibiotic era in which we live, and sensitivity tests have become routine procedures in all pathological laboratories. This phenomenon is not confined to bacteria, however, and at a recent symposium on the control of insect vectors of disease in Rome,[1] most of the papers dealt with the newly-acquired resistance of insects to insecticides.

Perhaps the most dramatic success ever achieved in pest-control followed the introduction of DDT a decade ago. There were half a million cases of malaria in Italy in 1945, with 350 deaths,[2] yet 6 years later barely 400 cases were notified, and no deaths occurred from the disease. In the same period the parasite-rate in school children in Greece dropped from 13% to 0.06%. DDT appeared to have conquered malaria in Europe. Similar successes were attained in the control of plague and typhus by the use of the newer insecticides.

Then, in 1947 public-health officials working in the Pontine marshes first noticed that the magic effect of the routine application of DDT had waned, and an investigation showed that the anopheline mosquitoes had developed a resistance to the drug. By 1951 this acquired resistance had spread to other compounds such as chlordane, aldrin and metoxychlor as well, and the anophelines were now quite unaffected by DDT treatment. Not only mosquitoes, but also lice and fleas failed to succumb to its application.

This partial failure of control with insecticides has had the salutary effect of renewing interest in basic public-health procedures such as draining stagnant water, eliminating potential breeding-places of the vectors—in short, 'making life impossible' for the insects. It has also stimulated research into the interesting and as yet not fully explored field of biological control, namely, making use of naturally-occurring enemies of the insects which are to be destroyed. For instance, control of the California alfalfa caterpillar with a parasitic virus sprayed on the plants has been most encouraging, and recently a species of fish which eat mosquito larvae has been introduced into rice-fields.

But there is a moral to be drawn from a quotation from the symposium, which can be read to all dispensers of the antibiotic drugs: 'There is no doubt that the indiscriminate use of DDT has helped to hasten the appearance of resistance. Care should be taken that insecticides are employed with discrimination . . . '

REFERENCES

1. *Resistance to Insects and Insecticides.* Chronicle of the Wld. Hlth. Org., January 1954.
2. *Toxic Hazards of Certain Pesticides to Man,* Wld. Hlth. Org. Monograph Ser. No. 16, 1953.

MITRAALSTENOSE

'N OORSIG VAN MY EERSTE 100 GEVALLE VAN MITRAAL-VALVULOTOMIE

MICHAEL JORDAAN, M.D., PH.D.

Kaapstad

Die chirurgie van die hart het in 1882 begin met resultate wat Bloch met diere-proefnemings verkry het. In 1896 was dit Farina wat as eerste gewaag het om 'n hartnaat aan 'n mens te maak. Daarna het Rehn in 1898 met sy werke gevolg. Gedurende dieselfde jaar het Delorme as eerste die verdikte hartvlies verwyder. Daarna het die pogings van Graybiel, Strieder en Boyer gevolg om die oop ductus arteriosus te verwyder en Gross het toe in 1939 dit werklik gedoen. Crafoord het in 1945 nog die meer opwekkende ‚Isthmus stenose van die aorta' operasie gedoen. 'n Totale nuwe era in die geskiedenis van hartoperasie het egter in 1944 ingetree met die verbinding van die sistemiese sirkulasie met die pulmonale sirkulasie deur Blalock in gevalle van bepaalde sianotiese hartkwale.

Hierdie operasie het egter gehandel oor aangebore hartkwale en was beperk tot handelinge buite die hart self en aan die groot are onmiddellik na hulle die hart verlaat het. Gedurende hierdie laaste ontwikkeling, is steeds eksperimente gedoen met die doel om intrakardiaal te opereer op sekere aangebore sowel as verwerfde hartkwale. Aljuis in 1913 het Doyen die eerste intra-kardiale operasie gedoen. Dit was 'n poging om deur die muur van die linkerkamer te gaan en die verenging van die mitraalklep te verwyder. Die operasie was egter geen sukses nie. Sy pogings was gevolg deur Cutler en Levine, deur Pribram en deur Allen, maar ook sonder sukses. Dit is aan Souttar oorgelaat om in 1925 die eerste suksesvolle geval van mitraalstenose te opereer deur sonder om in die hart self in te gaan, met sy vinger die muur van die linker-hartkamer teen die verengde klep in te buig en also die klep te rek.

Hierna was dit vir 'n tydlank stil op die gebied van mitraalstenose-chirurgie. In 1948 het Bailey 'n ander suksesvolle operasie gedoen deur met 'n spesiale mes deur die linkerkamer te gaan en also die klep te open. Brock het in 1949 vooraan gegaan met 8 gevalle waarvan 6 suksesvol was. Hy het deur die linkerhartoor gegaan en dan die verengde opening van die mitraalklep met sy vinger gerek. As die klep verkalk was of te hard was om met die vinger te rek, het hy 'n spesiale mes wat op sy vinger gly, gebruik. Terselfdertyd het ook Harken, Bailey, Sweet en andere verskillende pogings aangewend om die verenging van die mitraalklep te verwyder. Hulle het egter deur die kamer self ingegaan en die resultate was nie so goed nie. Later het hulle ook 'n metode ontwikkel wat min of meer met dié van Brock ooreenstem. Die fondament vir 'n standaard operasie vir mitraalstenose was nou gelê. Met die grootste ywer is nou deur verskillende snykundiges in verskillende lande getrag om hierdie verwerfde hartkwaal wat op rein mediese metodes hoegenaamd nie beïnvloed kan word nie, deur middel van chirurgie te genees of te verbeter. In 1952 kon Brock aljuis van 150 operatiewe gevalle berig en Bailey in 1952 van 200 met 'n 10% mortaliteit. Sedertdien styg die aantal berigte oor operatiewe gevalle steeds. Die tegniek is weinig verander.

MATERIAAL

Die gevalle wat hier omskryf word, omvat nie die gesamentlike getal operasies vir mitraalstenose wat deur die skrywer gedoen is nie, maar net die eerste 100 wat gedoen is tussen die tydperk Desember 1950 en Desember 1953. Die oorgrote meerderheid van dié gevalle was in die volgende Kaapstadse hospitale gedoen: Die Volks, die Conradie en die Nuwe-Somerset. Die narkose in dié gevalle was gegee deur een van die volgende narkotiseure: dr. E. G. van Hoogstraten, dr. P. S. Jenkin of dr. J. Linklater. Die interniste wat saamgewerk het, was verskillend daar die pasiënte meesal privaat was en deur verskillende interniste verwys was. Elke internis het dan by sy gevalle saamgewerk. Ook omrede dat dit meesal privaat pasiënte was, is alle voor-ondersoeke op die noodwendige beperk en niks wat net van 'n wetenskaplike waarde is en geen spesifieke diagnostiese waarde het, is gedoen nie. So is dan ook net by vier van die pasiënte 'n hartkateteresering gedoen.

Daar was 97 vroulike persone en 3 manlike. Die ouderdomme het gewissel van 13 jaar tot 53 jaar. 70% van alle gevalle was tussen 25 en 40 jaar.

Tagtig persent het 'n geskiedenis van rheumatiekkoors gehad. 90% het aangegee dat hul toestand gedurende die laaste drie jaar geleidelik slegter geword het. Die ander 10% het òf 'n korter geskiedenis òf meen dat die toestand dieselfde bly.

Ses persent het kort voor die operasie of binne die voorafgaande drie maande 'n dekompenseerde hart gehad en 52% het by een of ander tyd 'n dekompenseerde hart gehad. Geen enkele van die gevalle kon verder as een myl op gelykgrond stap sonder om moeg te word nie of meer as 10 trappies klim nie. Een vrou was vir 5 jaar in die bed en 'n ander 3 jaar en een vir 2 jaar. Vier van die vroue was swanger, die oudste swangerskap was geval V. Van die 97 vroue was 61 getroud en 46 het een of meer kinders gehad. By 21 het die eerste hartmoeilikheid eers na die geboorte van die eerste kind opgetree en 25 òf voor òf met die geboorte van die eerste kind.

INDIKASIESTELLING

Die hoof indikasie is 'n verengde mitraal klep. Die eenvoudigste is 'n suiwere stenose sonder enige ander klepmoeilikheid. *'n Sekonderêre tricuspedaalklep-lekking*, selfs wanneer dit met swaar dekompensasie van die hart gepaard gaan, verbeter nadat die mitraalklep-vernouing oopgemaak is en die opdamming van bloed in die venouse sisteem verlig is. In dié series was daar 3 gevalle van dié

aard. Twee het goed gevorder en 1 is dood met hartstilstand op die tafel.

'n Aorta-klepstenose, alhoewel vantevore 'n kontra-indikasie vir operasie, is nou nie meer so nie. Alhoewel nie in dié series ingeslote nie, het skrywer 2 gevalle met sukses gedoen waar hy eers die mitraalklep en toe die aorta-klep gedurende dieselfde operasie oopgemaak het. Ook Bailey rapporteer sulke gevalle.

Aorta-lekking is 'n absolute kontra-indikasie. Met die oopmaak van die mitraalstenose en bestaande aorta-lek, vind 'n stremming van die linker-ventrikel plaas. Die lekking van die aorta-klep kan nie reggemaak of verbeter word soos in die geval van die aorta-klepstenose nie.

'n Matige gelyktydige lekking van die mitraalklep is by 'n groot aantal van mitraalstenose teenwoordig, maar by die oopmaak van die stenose word die klep weer vry beweeglik en sy los seile kan met systole weer mekaar ontmoet, wat die lekking verwyder. *Dit is nie altyd 'n mate van relatiwiteit nie, d.w.s. in welke mate die lekking die stenose oorweeg of omgekeerd nie, maar wel die aard van die misvorming van die klep.* Mens sal vind dat 'n harde ronde ring van ongeveer 1 cm. deursnee bestaan wat as sulks 'n stenose van die klep beteken, maar ook omrede die harde ring nie kan sluit nie en dan 'n gelyktydige lekking veroorsaak. As die liggaam van die klep (dit is die seile) beweeglik is, dan kan die hele opening wat deur die harde ring veroorsaak word, weer sluit onmiddellik na albei kommisura oopgesny is om sodoende die stenose sowel as die lekking te verwyder. Is egter die liggaam van die klep in sy anteriore asook posteriore deel fibroties, hard en gekrimp of verkalk, dan help dit hoegenaamd nie dat die harde klep in die kommisura oopgesny word nie. Die liggaam van die klep bly star en onbeweeglik. Gevolglik kan die rande nie tesame kom met systole nie en die lekking bly bestaan of is onder omstandighede nog groter. Die verkalking van die klep alleen is hoegenaamd geen kontra-indikasie vir operasie nie, mits die liggaam van die klep nie gekrimp is nie. *Om hierdie beskaffenheid van die klep vooraf te kan bepaal, is vrywel die belangrikste in die hele diagnose.* Dit kom derhalwe nie daarop aan nie dat daar net tekens van 'n stenose is en geen tekens van 'n gelyktydige lekking nie. Daar kan selfs tekens wees van 'n geweldige lekking en as die beskaffenheid van die klep gunstig is, dan kan ook die geweldige lekking òf verwyder òf verbeter word deur die stenose te verwyder. Is die beskaffenheid van die klep nie gunstig nie, kan die lekking onder omstandighede deur so 'n poging weer vererger word. Omdat daar geen kliniese of laboratoriummetodes is om ons hier 'n leidraad te gee nie, moet ons, om tog veilig te stuur, teen 'n operasie wat nie mag help nie of selfs nadelig mag wees, besluit. Dit word gedoen deurdat ons dan 'n geval van *oorheersende lekking* van die mitraalklep ewemin sou opereer as 'n geval van *suiwere lekking*, wat meesal veroorsaak word deur òf krimping van die chordae tendinae sowel as die papilaar spiere òf 'n sekondêre algemene rekking van die mitraalring.

Dit was vir die skrywer meesal moontlik om met die voel van die vingerkop die mate van terugvloei van die bloed of nie, vas te stel. In dié series kon hy in 24% gevalle van stenose geen terugvloei voel nie en moes aangeneem word dat dit hier om suiwere stenose gaan wat deels met die vinger en deels met die mes oopgemaak kon word. By 40% kon hy 'n terugvloeiing van verskillende mate voel. Dit meen dat daar 'n mate van lekking bestaan het. Nadat die stenose in dié gevalle verwyder was, kon geen terugvloeiing bespeur word nie wat 'n aanduiding was dat die lekking in dié gevalle ook verwyder was. Dit beteken dat in dié gevalle die vrye kante van die nou meer beweeglike kleppe mekaar weer kon ontmoet met systole. By 6% het die gevoel ontstaan dat met die verwydering van die stenose die klep ietsie beweegliker geword het en die lekking minder. By 3% was die indruk dat daar geen verskil is nie. Dit was starre ingekrimpte kleppe. In een geval waar die voorste en agterste seil van die klep soos 2 harde verkalkte worsies effens gebuig teen mekaar gelê het, was met 'n poging om dié toestand te verbeter, die lekking bepaald vererger. By 26% van die gevalle kon nie definitief 'n idee gekry word oor die mate of nie van terugvloeiende bloed met systole nie.

Dit is also heeltemal duidelik wanneer Brock sê: ‚Dit is nodig om nadruk daarop te lê dat die finale beoordeling of 'n klep moontlik is vir 'n operatiewe herstelling of nie, en die prognose na die operasie, eers dan gemaak kan word wanneer die klep werklik met operasie ondersoek word.'

Alle sekondêre veranderinge soos byvoorbeeld *aurikulêre fibrilasie, myocard skade en pulmonale hoogdruk*, kan geen operatiewe teenstelling wees nie. Grotendeels verdwyn die simptome of verbeter hulle geweldig nadat die primêre oorsaak verwyder is. Geeneen van hierdie verskynsels het in hierdie series van gevalle 'n nadelige invloed op die operatiewe verloop of resultaat gehad nie. By 8 van die 30 gevalle wat aurikulêre fibrilasie getoon het, het dit na 3 maande nog bestaan, maar die pasiënte was oneindig beter. Al 8 die gevalle het 2-3 grade in die bekwaamheidslys gestyg.

Alhoewel 'n dekompenseerde hart eers medies behandel moet word tot so 'n mate dat mens met 'n taamlike veilige operatiewe risiko moet reken, is dit tog moontlik dat mens weens akute pulmonêre long-oedema 'n noodoperasie moet doen. Dit was die geval in 2 van die series met uitstekende resultaat.

Aktiewe Rheumatismus. 'n Operasie moet moontlik vermy word terwyl daar nog enige tekens van rheumatismus is, ingeval daar weer 'n herhaling van die stenose sou ontstaan na die operasie. Noodgedwonge kan dit ook hier geskied en na 'n voorbeeld van Bailey is in dié series op 'n 13-jarige meisie met nog akute verskynsels opereer omdat daar aanvalle van long-oedema van uiters akute aard was en daar lewensgevaar bestaan het. Mediese behandeling van rheumatisme is op 'n langdurige plan voortgesit. Dit is noual meer as 1 jaar en haar toestand is nog baie bevredigend.

Sub-akute Bakteriële Endocarditis behoort eers deeglik behandel te word voor operasie. Vier tot ses maande behandeling met anti-biotika behoort te voldoen. In dié series was geen enkele geval met S.B.E. nie.

TEGNIEK

Al die pasiënte in hierdie series was eers deeglik gedigitaliseer. Die dag onmiddellik voor die operasie het hulle ook 'n diuretica gekry. In die gevalle waar aurikulêre



NULACIN provides drip therapy without a tube

Maintains a continuous state of gastric anacidity

A maintained continuous state of gastric anacidity has heretofore been impossible without hospitalization and discomfort to the patient.

Now, NULACIN achieves this desirable state simply, effectively and without attendant disadvantages. A NULACIN tablet placed in the mouth between the cheek and the gum dissolves slowly and releases its contained medicaments at a rate that gives continuous neutralization of the acid gastric juice. NULACIN accomplishes this with considerably less antacid than is required by any other method of oral administration. The results are comparable with those of intragastric milk-alkali drip therapy.



Superimposed gruel fractional test-meal curves of five cases of duodenal ulcer.



Same patients as in Fig. 1, two days later, showing the striking neutralizing effect of sucking Nulacin tablets (3 an hour). Note the return of acidity when Nulacin is discontinued.

REFERENCES:

British Medical Journal, 180—182, 26th July, 1952. Medical Press, 195—199, 27th February, 1952.

INDICATIONS

NULACIN tablets are indicated whenever neutralization of the acid gastric contents is required: in active and quiescent peptic ulcer, gastritis, gastric hyperacidity. *Dosage:* Beginning half-an-hour after food a NULACIN tablet should be placed in the mouth between the cheek and the gum and allowed to dissolve.

During the stage of ulcer activity up to three tablets an hour may be required. During quiescent periods, for prophylaxis in peptic ulcer and for the relief of discomfort due to gastric hyperacidity, the dose of NULACIN is one or two tablets between meals.

NULACIN Tablets are made by Horlicks Limited, Slough, England, and supplies are freely available through all wholesalers and retail chemists in South Africa and Rhodesia.

SOLE SOUTH AFRICAN DISTRIBUTORS:
Professional Pharmaceuticals Limited, P.O. Box 2515, Johannesburg.

SOLE RHODESIAN DISTRIBUTORS:
R. F. Oakley & Company (Pvt.) Limited, P.O. Box 438, Salisbury.

2595

fibrilasie bestaan het, was ook aljuis voor die operasie met quinidine sulfaat begin. Die narkose was in alle gevalle 'n algemene intubasie narkose met gas, suurstof en curare. Met die eerste 7 gevalle was die linker laterale snit gebruik. By die daaropvolgende 46 gevalle die linker anterio-laterale en toe by die latere 47 gevalle weer die linker laterale snit tussen die 5de en 6de rib. Dit is gevind dat die snit 'n toereikende opening vir gemaklike werk verskaf en nie die ongemaklike pyne langs die sternum waar die ribbes deurgesny was, veroorsaak nie soos in die geval van die anterio-laterale snit. Ook is daar nie hypo-aesthesia van die bors nie, wat veroorsaak word deurdat die borshelfte omsny en teruggeklap word. In die algemeen is die laterale snit ook eenvoudiger.

Nadat die borskas oopgemaak en die long teruggedruk is, word die viserale pleura van die pericardium afgeskil deur anterior van die phrenicus en bloedvate te begin en dit na agter te skuif. Vier kub. cm. van 'n 1% procaïën oplossing word dan in die pericard gespuit en 5 minute gewag. Gedurende hierdie tyd word die long weer opgeblaas. Die pericard word dan geopen en die hart op die bepaalde punte versigtig afgetas om die moontlike systoliese en diastoliese trillinge te beoordeel. Op dié wyse word die pre-operatiewe diagnose nogmaals bevestig al dan nie. Die hartoor word dan opgelig en afgetas om sy grootte, vorm en beskaffenheid te bepaal, asook die moontlikheid van 'n bloedklont binne die hartoor.

'n Derraklemme of 'n Crafoordklemme, namate die vorm van die hartoor, word dan aan sy basis gelê en met 'n skêr word 'n snit in die punt van die hartoor gemaak om die bloed wat deur die klemme opgedam is, te verwyder. 'n Opening groot genoeg vir die voorvinger word gemaak en alle trabeculae wat die ingang mag versper, word deurgesny. Ingeval 'n bloedklont in die hartoor mag wees, dan word sy punt albei kante deur die assistent lig met klemme geneem en die klem aan sy basis word oopgemaak, maar in posisie gehou terwyl die bloedklont self lig met 'n pinsette verwyder word nadat dit eers versigtig losgemaak is. Die bloedstroom was alles skoon uit. Mens laat op die aard en wyse die bloed twee of driekeer uitstroom om enige moontlike klein stukkies wat nog agtergebly het, ook uit te spoel.

Daar word nou 2 tabaksaknate aangelê distaal van die klem, een na elke kant. Die assistent hou die punte van die hartoor met 2 lang pinsette saggies vas, die regtervinger word in die opening van die hartoor geplaas en terwyl die klem wat aan die hartoor basis is met die linkerhand oopgemaak word maar in posisie gehou word, gly die regtervinger deur die hartoor in die voorkamer. Die assistent laat nou die punte wat hy vashou, los. Met die vinger word nou die beskaffenheid van die mitraalklep versigtig afgevoel, die lekking, teenwoordig of nie, geskat, die vingerbal word dan aan die voorste seil van die klep gelê op dié punt waar die verklewing van die anterio-laterale kommisura begin en met 'n skuinste na voor en lateraal gedruk. In die laaste gevalle wat skrywer gedoen het, is met die voorvinger van die vrye hand buite teen die muur van die linker ventrikel gehelp. As die kommisura oopskeur, dan word die vinger op dieselfde wyse teen die verkleefde posterio-mediale kommisura gelê en op dieselfde wyse te werk gegaan. As dit ook oopgeskeur het, word met die vinger deur die opening van die klep gegaan en seker gemaak dat albei seile vry van die ventrikelspiere is.

Ingeval die kommisura van die hart nie geklowe kan word met die vinger nie soos in die geval van harde fibrotiese veranderinge, dan word die vinger uit die hart verwyder, die klem weer aan die basis van die hartoor aangelê en die vinger word dan met die ringmes van Brock bewapen en die vinger op dieselfde wyse weer in die hart gesteek. Die anterio-laterale kommisura word dan oopgesny tot teen die hartspier. Met die posterio-mediale kommisura word versigtiger gehandel om die snit nie waarskynlik in die verkeerde rigting, d.i. na die aorta-opening, te laat gaan nie. Met harde fibrotiese en gekrimpte kleppe is dit dikwels die geval dat die posterio-mediale kommisura in dié rigting verskuiwe is. As in so 'n geval die kommisura sy hele lengte geklowe of oopgesny word, dan is die stroomrigting van die bloed na die aorta-klep wat gedurende die systole plaasvind en deur die voorste seil van die klep gestuur word, gesteur. Die resultaat is dan 'n buitengewone sterk mate van lekking.

Nadat die klep voldoende oopgemaak is, word die vinger verwyder, die klem aan die basis versigtig toegemaak, die borskas word skoongemaak en alle verspilde bloed uitgesuig. Die omgewing van die hartoor en voorkamer word versigtig ondersoek of enige eventuele bloedinge plaasgevind het en, as nodig, word dit dan versorg. Die tabaksaknate word styf getrek en geknoop terwyl die klem aan die hartoor basis oopgemaak, maar tog versigtig in posisie gehou word. As dit skyn dat die nate dig is, word die klem verwyder en daarna nog 'n ekstra naat oor die wond aangelê.

Weer word die bloed nou uit die hartvlies gesuig en daarna toegemaak deur 'n paar enkele nate sodat daar ruimlik opening is ingeval bloed afgesonder word binne die hartvlies.

Nadat alle bloedingspunte versorg is en 'n dreinering in die borskas geplaas is, word die borskaswond gesluit.

Tot die tegniek kan vermerk word dat as dit 'n normale geval is van 'n suiwer stenose en geen komplikasies optree nie, die operasie dan eenvoudig is. Komplikasies word meesal veroorsaak deur bloeding wat mag ontstaan as die muur van die hartoor of die voorkamer sou skeur. By die series was daar 3 gevalle waar taamlike bloeding opgetree het, 2 waarvan die opening in die hartoor geskeur het tot proximaal van die tabaksaknate. Albei kon egter weer met die klem gevat word en met 'n ekstra tabaksaknaat wat meer proximaal aangelê is, gesluit word. 'n Ander was waar die endocard van die hartoor verkalk was en deur die aanlê van die klem die kalkplaat gebreek het. Op 'n paar plekke het die kalk deur die spierlae van die hartoor gesteek en 'n sterk bloeding veroorsaak. Die posisie van die punte was sulks dat geen klem meer proximaal kon aangelê word nie. Vingerpunte was op die klein skeurtjies gelê en elkeen na mekaar met 'n matrasnaat gesluit.

By 61 van dié series kon die mitraalklep met die vinger oopgeklowe word, by 38 was die mes gebruik en by 1 was daar hoegenaamd geen klepmateriaal wat kon geskeur of gesny word nie.

By 8 van die gevalle was die pericard verdik en by 4 van die gevalle was daar verklewinge tussen pericard en hartspier. By 1 geval het dit gehandel om 'n reëlregte

konstriktiewe pericarditis. Hier moes die gevaarlike prosedure onderneem word om eers die linker voorkamer met hartoor te bevry van die harde en gedeeltelike verkalkte pericard, dan die mitraalklep te open en dan die pericard van die res van die hart af te skil. 'n Ondersoeking van die pericard het hier getoon dat die aetologie van die konstriktiewe pericarditis tuberkulose was.

Die beskaffenheid van die hartoor is hoogs belangrik. By 15 van die gevalle was die hartoor so eng dat nouliks die vingerpunt kon ingaan, maar tog kon die hartoor op die aard en wyse selfs ingedruk word en die klep met die vingerpunt bereik word. In sulke gevalle is die moontlikheid om die muur van die hartoor te skeur, groot. In al die gevalle was dit egter moontlik om deur die hartoor die klep te bereik en in geen enkele geval was dit nodig om 'n ander ingang na die hartklep te soek nie.

By 11 van die gevalle was organiseerde bloedklonte teenwoordig, òf in die hartoor òf in die voorkamer en moes dié eers verwyder en uitgespoel word.

RESULTATE

Mortaliteit. Uit die 100 gevalle was daar 'n verlies van 3. Die oorsake van dood is as volg:

1. Hartstilstand op die tafel, by 'n buitengewone slegte risiko. Dit was 'n dekompenseerde hart met sekondêre tricuspedaallekking. Hartstilstand het ingetree onmiddellik na die klep, wat sterk verkalk was, geklowe en die vinger uit die hart verwyder is. Alle pogings om die hart weer aangang te kry, was sonder sukses.
2. Hart tamponade: 48 uur post-operatief.
3. Cerebrale embolus: 14 uur post-operatief. Dit was een van die gevalle waar 'n georganiseerde bloedklont bestaan het en wat so deeglik as moontlik verwyder en uitgespoel was.

Van die 97 nog lewende persone, kon net 52 nadat hulle die hospitaal verlaat het, weer ondersoek word. Die ander 45 het net brieflik van hulle bevinding kon berig. Die resultate kon as volg ingedeel word:

1. *Slegter as voorheen:* 1 geval.

Dit is 'n geval waar die klepseile opgerol en verkalk was. 'n Poging was aangewend om die kalk by albei kante te breek en die hartspier dan meer beweging van die harde kalkrolle te gee in die hoop om op dié wyse die lekking te verminder.

2. *Geen verbetering:* 3 gevalle.

Dit was al drie gevalle waar die lekking predominerend was en die kleppe deur hul beskaffenheid d.i. ingekrimpte kleppe, nie gunstig verander kon word nie.

3. *Bepaalde verbetering:* 93 gevalle.

Ingedeel volgens die bekwaamheidsskaal van Graad 0 tot Graad 5, val die getalle as volg:

A. 1 *Graad verbetering:* 10 gevalle.

Hier is 7 gevalle by met 'n oorweldigende sterk mitraallekking. Die diagnose was voor die operasie gestel en ook assulks gevind met digitale ondersoek gedurende die operasie. Deur die klep oop te maak, het die klepseile meer beweeglikheid gekry en die lekking, alhoewel baie verbeter, bestaan by 5 van die gevalle nog. *Pre-operatief* was dié 10 gevalle as volg ingedeel: Graad III 5, Graad IV 4, Graad V 1.

B. 2 *Grade verbetering:* 61 gevalle.

Hierdie was almal gevalle van òf suiwer mitraalstenose òf waar die stenose oorwegend was. *Pre-operatief* was hierdie 51 gevalle as volg ingedeel: Graad II 24, Graad III 28, Graad IV 9. *Post-operatief* was daar also Graad 0 24, Graad I 28, Graad II 9.

C. 3 *Grade verbetering:* 21 gevalle.

Hierdie was almal gevalle van suiwer mitraalstenose. Daar is ook 2 gevalle by waar die klep heeltemal sterk verkalk was. In hierdie rubriek val ook 2 gevalle wat swanger was en waar die kinders aljuis na die operasie gebore was sonder enige komplikasie. *Pre-operatief* was hierdie 21 gevalle in die volgende Grade ingedeel: Graad III 11, Graad IV 9, Graad V 1. *Post-operatief:* Graad 0 11, Graad I 9, Graad II, 1.

D. 4 *Grade verbetering:* 1 geval.

Hierdie was 'n suiwer eng mitraalstenose en die klep nog uiters beweeglik. Die pasiënt was pre-operatief in Graad IV geklassifiseer. Die geskiedenis was kort, maar akuut. Oedema van die longe was die dreigende faktor. *Post-operatief* is sy toe in Graad 0 geklassifiseer.

Gesamentlik kan die lot van die 100 gevalle dan as volg ingedeel word:

Dood: 3
Slegter as voorheen: 1
Geen verbetering: 3
Verbetering met 1 Graad: 10
Verbetering met 2 Grade: 61
Verbetering met 3 Grade: 21
Verbetering met 4 Grade: 1

Die 93 gevalle wat 'n verbetering toon, het die volgende Graadsverskuiwing getoon:

Graad	0	I	II	III	IV	V	*Totaal*
Pre-operatief	—	—	24	44	14	11	93
Post-operatief	36	37	15	4	1	—	93

SAMEVATTING

Kortliks is hier my wedervaringe gegee van my eerste 100 gevalle van mitraal-valvulotomie. Daar is kortliks op die geskiedenis ingegaan wat gelei het tot die teenswoordige standaard operasie. Die materiaal is aangegee, die indikasiestelling is bespreek spesiaal met betrekking tot die gelyktydige mitraallekking, die tegniek wat ek gebruik, is beskrywe en die resultate wat verkry is, is ontleed.

SUMMARY

The experience and results obtained with my first 100 cases of mitral valvulotomy are briefly discussed. A short history leading up to the present standard operation is given. The material is analysed and the indications for operation discussed, with special emphasis on a simultaneous mitral regurgitation. My operative technique is described and the results obtained classified.

VERWYSINGS

Allen, D. S. en Graham, E. A. (1922): J. Amer. Med. Assoc., **79,** 1028.
Baker, C., Brock, R. C., Campbell, M. en Wood, P. (1950): Brit. Med. J., **1,** 1043.
Bailey, C. P. (1949): Dis. Chest., **15,** 377.
Bailey, C. P. en Larzelere, H. B. (1953): J. Thor. Surg., **26,** 31.
Blalock, A. (1946): Ann. Surg., **124,** 879.
Bloch (1882): Über Wunden des Herzens und ihre Heilung durch die Naht unter Blutleere. Verh. dtsch. Ges. Chir.
Brock, R. C. (1949): Brit. Med. J., **2,** 399.
Idem. (1950): *Ibid.*, **1,** 1283.
Idem. (1952): Brit. Heart J., **14,** 489.
Idem. (1952): *Ibid.*, **14,** 505.
Craford, C. en Nylin, G. (1945): J. Thor. Surg., **14,** 347.
Cutler, E. C. en Levine (1923): Boston Med. Surg. J., **188,** 1023.
Delorme (1898): Bull. Soc. Méd. Hôp., Paris, **24,** 918.
Doyen, E. (1913): Presse Méd., **21,** 860.
Farina (1896): Atti Congr. Chir.
Graybiel, A., Streider, J. W. en Boyer, N. H. (1938): Amer. Heart J., **15,** 621.
Gross (1939): *Surgical Treatment of the Abnormalities of the Heart and the Great Vessels*, 2nd ed. Springfield, Ill. C. Thomas.
Harken, D. E. (1946): J. Thorac. Surg., **15,** 31.
Harken, D. E. en Zoll, P. M. (1946): Amer. Heart J., **32,** 1.
Pribram (1925): Arch. Klin. Chir., **142,** 458.
Rehn en Cobbet (1896): Arch. klin. Chir., **122,** S. 7.
Souttar, H. S. (1925): Brit. Med., J., **2,** 603.

UROLOGICAL PROBLEMS IN PREGNANCY

ROBERT P. SCHACH, M.B. (RAND), F.R.C.S. (EDIN.), F.R.F.P.S. (GLAS.)

Johannesburg

Urinary complications during pregnancy, though uncommon, are encountered from time to time. They vary in significance and severity from relatively minor conditions easily dealt with, and having little effect on the course of the pregnancy, to serious urological disease necessitating its termination or resulting in spontaneous abortion.

The purpose of this paper is to discuss some of the more serious complications which can give rise to major urological problems in their management.

HAEMATURIA

The occurrence of haematuria during pregnancy is not always of serious significance. It usually occurs during the later stages, varying in severity from gross bleeding to blood visible only upon microscopy. It may persist, continuously or intermittently, up to the time of delivery, but will usually clear up in the puerperium.

The source of origin of the bleeding is usually the kidney, although it may originate in the ureter or bladder. The commonest cause is pyelonephritis, but hydronephrosis, tuberculosis, polycystic disease or a neoplasm may also be responsible. The possibility of Bright's disease should be borne in mind, since this condition has been known to cause haematuria during pregnancy. Urinary calculi occurring during pregnancy do not often cause haematuria as there is dilatation of the upper urinary passages. In many cases no cause can be found, and here the bleeding has been ascribed to increased vascularity or ruptured varices in the upper urinary tract. It should be stressed, however, that every case of haematuria, particularly if recurrent and profuse, should be thoroughly investigated.

The initial approach should be conservative. In the majority of cases the haematuria ceases with rest in bed and appropriate chemotherapy where necessary. Sometimes the bleeding may be severe, despite the presence of a normal pyelogram and urine free from infection. If a vesical cause can be ruled out and the blood is seen to be coming from one or both of the ureteric orifices during cystoscopy, appropriate indwelling ureteric catheter drainage under antibiotic coverage may have to be resorted to; silver nitrate irrigations may be tried in some cases. If any abnormality is detected in the urinary tract, it should be dealt with accordingly.

BACTERIURIA

When bacteria are found to be present in the urine of a patient with symptoms of a urinary tract infection, pus cells are usually present as well and the diagnosis of pyelonephritis is confirmed. The micro-organisms most commonly isolated in these cases are B.coli, with the Staphylococci and Streptococci next in order of frequency.

There is disagreement upon the significance of bacteriuria during pregnancy when the urine is free of leucocytes and there are no symptoms to suggest a urinary infection. Since these cases may often experience an uneventful pregnancy, little or no importance has been attached to the urinary findings. The modern view is to regard such a urinary tract as the seat of an infection, and as long as the organisms persist the possibility exists of an acute pyelonephritis occurring; prophylactic chemotherapy will minimize the risk of this taking place.

UROLITHIASIS

Although uncommon, calculi in the urinary tract during pregnancy should be regarded as a serious complication. While the presence of urinary calculi in the non-pregnant state may have relatively little effect upon the kidney, urolithiasis during pregnancy associated with infection is often a serious problem, and can progress to severe pyelonephritis and pyonephrosis, relatively resistant to treatment.

The clinical picture is variable and depends largely upon the stage of pregnancy with its corresponding degree of atony and dilatation of the upper urinary tract, the presence and severity of associated infection and the size of the calculus. During the earlier months, before dilatation has occurred, pain is more often a predominating feature, especially where a small stone becomes impacted at the pelvi-ureteric junction or in the ureter. During the later months the symptoms are often those of a pyelonephritis resistant to treatment; and it is only if the possibility of a calculus is borne in mind and the patient X-rayed, that a stone may be detected and the basic cause of the symptoms found. Gross haematuria is not nearly as common as are microscopic haematuria and pyuria. Intravenous urography is a valuable aid in diagnosis; where this is inconclusive, and especially if calcified mesenteric glands or foetal parts are present in addition, retrograde urography with oblique and lateral views may be necessary. In some cases, acute appendicitis, cholelithiasis, tubal pregnancy or torsion of an ovarian cyst have been implicated only to be ruled out by thorough investigation of the case.

Each case should be considered carefully before deciding upon its management. Apart from the severity of the symptoms, the influencing factors are again the stage of pregnancy, the presence and severity of infection and the size of the calculus. General measures should include an adequate daily fluid intake of 3-4 litres orally; where this is not possible because of vomiting or in an unco-operative patient, intravenous infusion should be resorted to. Appropriate chemotherapy is administered according to urinary findings, and analgesics and antispasmodics as required.

During the first 4 months of pregnancy surgical measures aimed at removing the calculus are more readily undertaken as they are easily performed and less

risky than in the later months. If the calculus is small and is not causing complete obstruction, the general measures outlined above should be given a fair trial. If these are unsuccessful or if the stone is completely obstructing the ureter, and if infection is present, per-cystoscopic removal should be tried. There is no contra-indication to repeated attempts if necessary; termination of pregnancy will not result if the procedures are carefully performed. If ureteric manipulations are unsuccessful, pyelolithotomy or uretero-lithotomy should be carried out to prevent the occurrence of progressive renal damage, and to avoid the possibility of operation at a later (and more unfavourable) stage. In most cases the pregnancy will continue normally.

If ureteric manipulations fail in the later months, a lithotomy is generally not favoured because of the difficulty of exposure and the markedly increased vascularity, together with the greater risk to mother and foetus. Every effort should be made by conservative means to enable delivery to take place as close to term as possible. If, however, the infection remains uncontrolled and there is evidence of progressive renal damage, a temporary nephrostomy may be indicated to tide the patient over this critical period. Removal of the calculus, or sometimes nephrectomy, can be carried out at a later date.

It is important that these patients be observed regularly after delivery. If there is evidence of urinary infection or the presence of another calculus, these should be dealt with before the patient is again allowed to become pregnant.

What of the woman who desires to become pregnant for the first time, from whom calculi have been removed, and who has a recurrence when first seen? This state of affairs is no contra-indication to her becoming pregnant, provided the stones are first removed. If the woman is already pregnant when first seen, and there is no clinical or radiological evidence of recurrence of calculous disease, and no gross renal deformity or functional impairment, the pregnancy may be allowed to continue. Careful observation throughout pregnancy is imperative, and if recurrence occurs, appropriate measures must be taken without delay.

HYDRONEPHROSIS

The advisability of permitting pregnancy or of allowing it to continue depends upon the degree of the hydronephrosis, whether it is unilateral or bilateral and whether or not there is infection present. The size of a hydronephrosis present before pregnancy is increased by the superimposed physiological dilatation of the urinary tract during the pregnant state. It should be borne in mind that hydronephrosis is often bilateral, or potentially so. Infection is not uncommon in such kidneys during pregnancy, and when it does occur, it is often severe resulting in marked renal damage.

If well-marked hydronephrosis is found in a patient contemplating pregnancy, corrective surgical measures should be carried out before pregnancy is advised. In lesser degrees pregnancy can be permitted to occur or allowed to continue, provided renal function is normal and urinary infection is absent. These patients should be carefully observed by repeated examination of catheter specimens of urine and by intravenous pyelograms. If infection occurs it should be treated without delay, and in severe cases hospitalization is advisable. When there is evidence of deterioration of renal function and/or the infection cannot be overcome, termination of the pregnancy may have to be advised. In such cases future pregnancy must not be advised until the hydronephrosis is corrected surgically and infection is eliminated from the urinary tract.

TUBERCULOSIS

This is one of the most serious complications of the urinary tract encountered during pregnancy, though fortunately rare. It is secondary to tuberculous disease elsewhere, usually in the lungs. The patient with protracted pyuria who has an acid urine from which no bacterial growth can be obtained on routine culture should always be examined for tubercle bacilli. If smear and culture procedures are inconclusive, guinea-pig inoculation should be requested. Intravenous pyelography should be carried out, and in the earlier months of pregnancy this test is often adequate. Cystoscopy combined with ureteric catheterization for purposes of collecting samples of urine from each kidney, and followed by retrograde urographic studies may be necessary, particularly where intravenous urograms are inconclusive or if the films show no abnormality in the kidneys and the patient's urinary symptoms are marked. Ureteric catheterization should be performed under heavy antibiotic coverage to minimize the chances of introducing secondary infection, which may result in more rapid progress of the destructive process.

The view that the finding of urinary tuberculosis during pregnancy indicates its immediate termination is not acceptable as a general rule. The influencing factors are: whether the disease is unilateral or bilateral, the severity of the symptoms and the stage of the pregnancy. In the earlier months in unilateral cases nephrectomy can be performed and the pregnancy allowed to continue. Pre- and post-operative administration of Isoniazid, streptomycin and P.A.S. is essential; the foetus is not adversely affected. In the later stages nephrectomy becomes more difficult; in such cases where the woman is particularly anxious to bear a child, antibiotic therapy is commenced without delay and the pregnancy is terminated as soon as there is a good chance of a viable child being born; nephrectomy is carried out soon after delivery. If bilateral renal tuberculosis is found, the sooner the pregnancy is terminated the better is the outcome of the disease. The finding of extensive involvement of the bladder is a strong indication for Caesarean section, as damage to the bladder by vaginal delivery can be complicated by vesico-vaginal fistula formation; tubal ligation should be performed at the same time.

CONGENITAL POLYCYSTIC KIDNEYS

